



Buffelspoort

19-21 Mei 2017

Die eerste kampeers het reeds vanaf Woensdag hul intrek geneem en die res het kort op hulle hakke gevolg. Teen Vrydagmiddag was al 15 staanplekke wat aan Rietvallei toegeken is beset.

Kort nadat almal nes geskop het, is heerlik gekuier in die warm swembad.



Vrydagaand het Piet en Elmarie (kampkommandante) vir heerlike "rib burgers" gesorg. Soos altyd was Fanie en Elzette ook daar om te help met die voorbereiding en die skottelgoed.

Piet was verantwoordelik vir die boekevat. Sy boodskap is dat mens net soos die sywurm deur verskillende stadions gaan. Ons is nou in die spintyd - so ons moet ons tyd nuttig gebruik en 'n positiewe bydrae lewer.

Daarna word die besoekers verwelkom: Neels & Simone Diedericks, Johan & Erna la Grange en Collin & Anette Cronje.

Saterdag was 'n dag vir rus en ontspanning. Daar is gestap, geswem en gekuier. Die aand het Elmarie die boekevat hanteer en sy vergelyk van die vrugte van die Gees met die waarde en nuttigheid van die Spekboom.



Die aand was dit buurman braai. Heel gou het amper al die kampers egter besluit om Pieter en Magdaleen se bure te wees. Daar is tot laataand om die vure gekuier.

Sondag het Magdaleen 'n besondere boodskap gebring. Dit handel oor die vrugte van die Gees wat sigbaar moet wees in ons.

Verjaarsdag en huwelikshedenking gelukwensings is hanteer. Pieter en Magdaleen het hul huwelikshedenking op die kamp gevier. Hans en Erna het ook hul plaatjie vir 150 kampe (algemeen) ontvang. Baie geluk!

By die afsluiting het die tafels soos gewoonlik gekreun onder al die koek en tert. Kort na die tee het die eerste tenpale geval en almal groet tot volgende keer. Almal stem saam dat Buffelspoort 'n kamp is wat weer gebruik kan word. Die terrein en die kledkamers was netjies en die staanplekke besonder ruim. Daar is ook voldoende geriewe vir ontspanning.


Pieter en Elmarie



Saterdagagaand buurman braai



Sondag oggend erediens



Nuwe lede Wimpeie en Adele Visser lees die SAWA erekode.



Nuwe lede Austin en Sarie Weber lees die SAWA erekode.



Hans en Erna Koekemoer (links) ontvang aansporing plaatjie vir 150 algemene kampe.



Pieter en Elmarie le Roux (regs) ontvang plaatjie vir kampkommandante.



Sondag se koek en tee en kuier



Spekboom ter aansluiting by Elmarie se boekevat.